education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GASVRYHEIDSTUDIES

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12
2009

Hierdie riglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DOEL VAN DIE EKSAMENRIGLYNE

Die doel van hierdie eksamenriglyne is om onderwysers en leerders te help om vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) eksamen in Gasvryheidstudies voor te berei.

Hierdie riglyne moet gebruik word saam met die volgende nasionale dokumente:

1. Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)
2. Die vakinhoudraamwerk (“Content Framework”) in die Leerprogramriglyne (LPR'e) gedateer Januarie 2008
3. Die Vakassesseringriglyne ('SAGs') gedateer Januarie 2008

FORMAAT VAN DIE GASVRYHEIDSTUDIES-VRAESTEL

1. Die Verbruikerstudies-eksamen bestaan uit een 3-uur-vraestel van 200 punte.
2. Hierdie vraestel bestaan uit 50% van 'n leerder se totale punt vir die vak.
3. Die vraestel is gebaseer op die vakraamwerk soos beskryf in die Leerprogramriglyne (LPR'e) vir Gasvryheidstudies gedateer Januarie 2008.
4. Elke aspek genoem in hierdie vakraamwerk moet deeglik gedek word, aangesien die eksaminators hierdie vakraamwerk gebruik om die vraestel op te stel.
5. Handboeke mag dalk nie elke aspek in die vakraamwerk dek nie.
6. As gevolg van die progressie van Leeruitkomste van graad 10 tot graad 12, mag agtergrondkennis van graad 10 en 11 ook in graad 12 geassesseer word.
7. Daar is vier VERPLIGTE AFDELINGS wat al die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde dek, soos aangedui in die Vakassessering Riglyne (SAG) gedateer Januarie 2008.

INHOUD		PUNTE
AFDELING A	Kortvrae (Dek al die Assesseringstandaarde van al die Leeruitkomste)	40
AFDELING B	LO1: Gasvryheidstudies-konsepte LO2: Gesondheid en Veiligheid	40
AFDELING C	LO 3: Voedselproduksie (2 vrae van 40 punte elk)	40 40
AFDELING D	LO 4: Voedsel- en drankbediening	40
	TOTAAL	**200**

Konsepte in Afdelings B, C en D sal geïntegreer word waar van toepassing.

KOGNITIEWE VLAKKE

Die vraestel maak voorsiening vir ‘n reeks kognitiewe vlakke. Die volgende riglyn uit die Nasionale Vakassesseringsriglyndokument (SAG), gedateer Januarie 2009, word gebruik om vrae op te stel:

KOGNITIEWE VLAKKE	%	PUNTE
Kennis	30	60
Begrip	20	40
Toepassing	30	60
Analise, Sintese, Evaluering	20	40

- Leerders moet geleer word om vrae op alle kognitiewe vlakke te beantwoord.
- Al die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde kan op enige een van die kognitiewe vlakke getoets word.
- Die werkwoord wat gebruik word in die vraag, kan deur die leerder as ‘n riglyn gebruik word om die vraag te beantwoord, bv.
    - Noem/maak ‘n lys beteken dat die leerder slegs die antwoorde hoef te gee, sonder enige verduideliking.
    - Bespreek/evalueer/verduidelik/beskryf beteken dat die leerder meer informasie moet gee oor die feite wat gevra word. Verduidelikings, voorbeelde, ens. moet verskaf word. Lees die vraag deeglik om vas te stel wat alles in die antwoord verwag word.
- Die puntetoekenning per vraag kan gebruik word as ‘n riglyn om te bepaal hoe lank die antwoord moet wees, en hoeveel tyd om daaraan te spandeer, bv. die antwoord op ‘n vraag wat drie punte tel, moet drie feite insluit.

VOORBEREIDING VIR DIE VRAESTEL

Dit is uiters belangrik dat die basis vir hierdie vraestel vanaf Graad 10 gelê word. Die progressie van die Leeruitkomste van een graad na die volgende, bring mee dat agtergrondkennis van vorige grade ook in Graad 12 geassesseer kan word.

Bronne wat deur die onderwyser gebruik kan word as aanvulling, bykomend tot die leerder se handboek:

- Elke leerder behoort ‘n handboek vir Gasvryheidstudies te hê in elke graad.
- Modelvraestelle – Graad 10 – 12.
- Omdat handboeke nie noodwendig elke aspek in die vakraamwerk dek nie, behoort ander bronne ook gebruik te word, bv.
    - Artikels in koerante en tydskrifte (bv. *Food & Beverage, Food and Home, TASTE magazine* van Woolworths, ens.)
    - Naslaanboeke oor kookkuns en die bediening van voedsel en drank.
    - Relevante webtuistes op die Internet.

Op die dag van eksamen

1. Leerders moet ten minste 20 minute voor die aanvang van die eksamen in die eksamenlokaal wees om hulleself in te rig en om gebruik te maak van die beskikbare tyd vir die deurlees van die vraestel. Leerders moet ‘n **sakrekenaar** en al die nodige skryfbehoeftes saambring.
2. Dit is belangrik dat leerders geleer word om hulle tyd goed te bestuur sodat hulle die vraestel kan voltooi.
3. Leerders moet aangemoedig word om die vraestel deeglik deur te lees voordat hulle begin skryf.
4. ‘n Netjiese, leesbare handskrif is noodsaaklik. Baie leerders benadeel hulleself deur so onnet te skryf dat merkers nie kan ontsyfer wat geskryf is nie.
5. Leerders moet aangemoedig word om genoeg tyd aan die einde van die skryfsessie te laat om hulle antwoorde weer deur te lees. Deur swak gestelde antwoorde, spelfoute en verkeerde bewerkings reg te maak, kan ‘n groot verskil aan die punte gemaak word.

Kopiereg voorbehou

Wat om te verwag van vrae in die verskillende afdelings:

	Afdeling A	Afdeling B	Afdeling C	Afdeling D
Tipe vrae	• Meervoudigekeuse-vrae • Pasitems • Vul in die ontbrekende woord • Een woord/term • Kies die korrekte antwoord • Vakterminologie sal in hierdie afdeling getoets word.	• Ontwerp/Ontwikkel / stel op • Kortvrae • Analise-vrae • Interpretasie en evaluerings • Feitlike vrae • Toepassingsvrae • Identifiseer, benoem en voltooi tabelle, diagramme, ens.	• Ontwerp/Ontwikkel/Stel op • Kortvrae • Analise-vrae • Interpretasie en evaluerings • Feitlike vrae • Toepassingsvrae • Identifiseer, benoem en voltooi tabelle, diagramme, ens. • Kostes en berekeninge	• Ontwerp/Ontwikkel/Stel op • Kortvrae • Analisevrae • Interpretasie en evaluerings • Feitlike vrae • Toepassingsvrae • Identifiseer, benoem en voltooi tabelle, diagramme, ens. • Kostes en berekeninge
Leer-uitkomste	• LU 1 – Gasvryheid-studies-konsepte • LU 2 – Gesondheid en veiligheid • LU 3 – Voedsel produksie • LU 4 – Voedsel- en drankbediening	• LU 1: Gasvryheidstudies-konsepte • LU 2: Gesondheid en Veiligheid	• LU 3 – Voedselproduksie	• LU 4 – Voedsel en drankbediening
Kognitiewe vlakke	• Kennis • Begrip • Toepassing	• Kennis • Begrip • Toepassing • Analise/Sintese/ Evaluering	• Kennis • Begrip • Toepassing • Analise/Sintese/ Evaluering	• Kennis • Begrip • Toepassing • Analise/Sintese/ Evaluering
Punte toekenning	40 punte – een punt per antwoord	40 punte	Twee vrae, 40 punte elk	40 punte

Kopiereg voorbehou